

2 Augustus

Spreuke 13:12-19

(Teks: 13:12)

Ek wens, ek wens...

Het jy al iets gewens? Natuurlik, sal jy sê. Kinders sê: ek wens, ek wens... en wanneer jy groot is, wens jy nog steeds! Salomo was reg: 'n mens word mismoedig as 'n wens nie waar word nie en 'n verwagting nie uitkom nie. Dit kan 'n mens selfs siek maak van moedeloosheid en neerslagtigheid wanneer jy so uitsien na iets, maar dit word nie werklikheid nie.

Waarom word wense nie altyd vervul nie? Miskien is jou wens verkeerd: jy wens dalk iets wat nie moontlik is nie, of jy verwag iets wat nie goed sal wees vir jou nie.

Aan die ander kant as iets wat jy regtig begeer, werklikheid word, kry 'n mens somer nuwe lewe en krag en lus om voort te gaan.

Mag 'n mens dan begeer? Ja, jy mag; trouens, jy moet! Die Tiende Gebod sê nie dat jy *niks* mag begeer nie, alleen dat jy nie jou naaste s'n mag begeer nie; dit wat jou dus nie toekom nie. Die Bybel leer ons dat ons moet wens en begeer en verwag, om God elke dag getrou te dien, om sy genade dankbaar te geniet, om sy liefde te ervaar en dit self ook weer uit te straal. Die Here Jesus Christus het die vervulling van ons geheiligde wense en begeertes moontlik gemaak. Boonop gee Spreuke 10:24 die versekering dat God dit wat die regverdige begeer vir hom gegee sal word.

As jy op die Here hoop en Hom elke dag verwag sal jy geen rede hê om mismoedig te word nie, want Hy stel niemand teleur nie. As jy die genade en die liefde van die Here begeer, sal jy dit ten volle ontvang, en jy sal somer nuwe lewe kry - letterlik en figuurlik!

Mag die Here, soos ons in Psalm 21 lees, die wens van jou hart vervul!

Sing Psalm 73:11

Ds. A.H. Mulder (Krugersdorp)